



RAADSKOERANT

BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za kontak@volksraad.co.za

Tel: 012 803 0712; 079 740 7214

Nommer 15

Donderdag 1 Maart 2018

VOLKSRAADKENNISGEWING

Korrespondensie met die President

Die Volksraad het die onderstaande skrywe aan mnr. Cyril Ramphosa in sy hoedanigheid as president van die RSA gerig:

28 Februarie 2018

Aan: Mnr. Cyril Ramphosa
President@presidency.gov.za

Geagte mnr. Ramphosa,

1. Grondonteiening
2. Selfbeskikking

Ek vestig graag u aandag op die Boere-Afrikanervolk se standpunt oor diefstal van private eiendom, insluitend grond, deur die staat. Dit is op 27 Februarie 2017 bekendgemaak in 'n verklaring van die Boere-Afrikanervolksraad en word vir u gerief hierby aangeheg. Ons standpunt hieroor is onveranderd.

Daar is ook op 21 Januarie 2016 'n klag teen die toenmalige president, Jacob Zuma by die SA Menseregtekommissie gelê oor sy ongegronde haatskeppende bewering dat die blankes hulle grond van die swartes "gesteel" het. In die klag is Zuma gedaag om te sê waarom hy die gedokumenteerde geskiedenis van grondbesetting in SA verwerp. **Daardie selfde vraag word nou aan u gestel.**

Die geskiedenis van grondbesetting in SA is goed gedokumenteer. Die bloedige oorloë wat gevolg het op imperialistiese magte se pogings om ander volke van hul grond te beroof — elders in die wêreld sowel as hier in Suid-Afrika — is ook goed gedokumenteer.

In die *Eyewitness* reisigershandleiding oor Rusland verskyn die volgende oor die Stalin-era:

"The collectivisation of agriculture under the first Five-Year Plan (1928-33) forced peasants to surrender all livestock, machinery and land to collective farms. Up to 10 million peasants are thought to have died during the famine of 1931-2, or in the slave-labour camps of the Gulag, building such "hero projects" as the White Sea Canal." (p. 44).

Meer onlangs het die gebeure in Zimbabwe die katastrofiese gevolge van die owerheid se grondroof getoon.

Wil u werklik so dwaas wees om die lesse van die geskiedenis te ignoreer en 'n vuur aan te steek wat u nie sal kan blus nie? Daar is 'n gesegde dat diegene wat dit doen, gevonniss word om dit oor te leef.

Diefstal kan nie gewettig word nie. Om wetgewing daarvoor deur die parlement te stoomroller is immoreel. Die EFF se mosie wat nou deur die parlement aanvaar is en die wetgewing wat daarop moet volg, sal wit en swart in ongekende stryd en vyandigheid teen mekaar dompel want grond het méér as net ekonomiese betekenis. Dit sal hierdie land sosiaal en ekonomies vernietig en sal uitkring buite die grense van Suid-Afrika. Ons volk was in die verlede meer as een keer genoodsaak om ons teen oormagte te verdedig. As ons daartoe gedwing word, sal ons dit weer doen.

Waarom wil u die Grondwet verander om die beginsel van private besit te skrap, terwyl u die beginsel van selfbeskikking in 'n eie land vir volke wat dit begeer, ignoreer?

Oor laasgenoemde onderwerp het hierdie Volksraad op 28 Augustus 2014 met 'n regeeringsafvaardiging wat onder u leiding gestaan het, gesprek gevoer. U het onderneem dat die gesprekvoering voortgesit sou word, dog dit is eensydig deur die regering beëindig, klaarblyklik in opdrag van die destydse president, onder wie se gesag u toe gestaan het. Nou swaai u die septer. Is u bereid is om daardie gesprek te hervat met die oog op 'n positiewe uitkoms?

Ons, die Boere-Afrikanervolk en julle, die negroïede volke van Afrika, verskil hemelsbreed van mekaar. Die verskille is vasgelê in God se ewige skeppingsorde. Geen menslike wette en dwang kan dit uitwis nie. Ons wil nie ons identiteit prysgee (transformeer) om soos julle te wees nie.

As buurvolke kan ons naas mekaar in vrede en tot almal se heil en welvaart bestaan, elk volgens sy eie aard en onder sy eie wette. As 'n deurmekaarspul in dieselfde land sal daar voortdurend onderlinge wedywing, ongelykheid en vyandigheid wees. Die aanhoudende hofsake om die verskille te besleg, laat telkens een van die partye met 'n gevoel van veronregting. Dit laat die animositeit net toeneem. Ná 24 jaar van hierdie bedeling is daar groter rasbewustheid en rassehaat as ooit in SA se geskiedenis.

U staan voor die keuse om volgens die goddelose Kommunisme se *Freedom Charter* te regeer met die rampspoedige gevolge wat dit inhou, of om die ewige beginsels wat in God se Woord neergelê is te gehoorsaam en hierdie land tot heil en voorspoed van al sy inwoners te bestuur.

Die uwe,

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 28 Februarie 2018

Verklaring deur die Boere-Afrikanervolksraad: Grondroef 'n daad van oorlog

Verklaring ondersteun deur

Die AWB
Die HNP
Die Verkenneersbeweging
Die VVK

27 Februarie 2017

Wanneer 'n staat of volk 'n ander volk se grondgebied vir homself toe-eien, lei dit noodwendig tot oorlog. Sedert die vroegste tye was dit die aanvaarde reg van volkere om hul gebiedsintegriteit teen sulke vergrype te verdedig, soos Brittanje byvoorbeeld in 1982 gedoen het toe Argentinië die Falkland-eilande beset het.

Eweneens is daar baie voorbeelde in die geskiedenis van derde partye wat ingetree het om die territoriale integriteit van kleiner volke te beskerm teen state en regerings wat hul meerdere mag misbruik het om ander te beroof. 'n Onlangse voorbeeld is die VSA-geleide Golf-oorlog van 1990-1991 teen Irak toe laasgenoemde Kuwait geannekseer het.

Die Boere-Afrikanervolk het die grondgebied wat hy besit, regmatig verkry. Die feite hieroor is al verskeie kere nagevors in die goed gedokumenteerde geskiedenis van landbesetting en grondbesit in Suid-Afrika, en kan maklik nagegaan word.

Desnieteenstaande het die ANC herhaaldelik beweer dat die grond wat ons besit, van die swartmense gesteel is. (In hierdie verband is 'n klag van haatspraak op 21 Januarie 2016 teen die president van Suid-Afrika by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie gelê, nadat hy dit in die openbaar gesê het. Die president is uitgedaag om sy bewering te bewys en te verklaar waarom hy die opgetekende geskiedenis van landbesetting ignoreer of verwerp. Die Kommissie het egter die klag in die sand laat verloop en seker gemaak dat daar tot op hede niks van gekom het nie).

Die ANC se reaksie op die uitdaging om sy ongegronde leuen te bewys, was onder andere 'n verklaring op 13 Februarie 2017 deur die Adjunkminister van Staatsdiens en Administrasie, me. Ayanda Dlodlo, dat

“The ANC should use its majority in the - government to push for the expropriation of land without compensation, because it was ‘stolen in the first place’”.

“The burden of land ownership should never be ours. Those who today claim ownership must prove that land was actually paid for in the 17th and 18th centuries,” het sy gesê.

Dié denkbeeld is deur historikus prof. Jabulani Maphalala herhaal toe hy gesê het dat “blacks had been dispossessed of their land since as far back as the arrival of whites in the country.”

Die benadering is blykbaar dat as 'n leuen net lank en dikwels genoeg herhaal word, word dit 'n aanvaarde “feit” wat nie bewys hoef te word nie.

Ons verklaar:

1. Die Boere-Afrikanervolk het niemand se land gesteel nie. Die grondgebied wat ons besit, is regmatig en op internasionaal aanvaarde maniere bekom en deur God as erfdeel aan ons toebedeel om te verdedig en te bewaar. Ons mag en sal dit nie prysgee en toelaat dat ons tot besitlose bywoners in Suid-Afrika gedegradeer word nie.
2. Misdaad kan nie gelegitimeer word deur wette in die parlement te aanvaar om dit te “wettig” nie. Daarom sal enige wet van die Parlement wat onteiening van ons land of enige ander eiendom sonder kompensasie, of selfs met kompensasie vir doeleindes anders as dit wat noodsaaklik is vir die skepping van fisiese infrastruktuur, geag word “wettiging” van diefstal van ons eiendom te wees. Ons sal dit nie as legitieme wetgewing erken nie, en in die lig van die voorgenoemde uitsprake van regeringswoordvoerders en die politieke onwil van die regering om

sterk op te tree ten einde plaasaanvalle hok te slaan (wat op sigself 'n vyandige versuim is wat vergelding sou regverdig), sal ons dit as 'n daad van vyandigheid teen die blanke bevolking ag.

3. Ontneming, onteiening en besetting van ons land kragtens sodanige wet sal beskou word as formele dade van oorlog teen die Boere-Afrikanervolk, waarop ons op 'n tydstip van ons keuse sal terugslaan met internasionaal aanvaarde middele en metodes ten einde ons eiendomsreg te verdedig en te herstel.

A.E. Breytenbach
Voorsitter

Die Vaste Fondament

“...as julle ooit mag afwyk en hierdie nasies aanhang wat nog met julle saam oorgebly het, en julle met hulle verswaer en julle met hulle en hulle met julle meng,

Weet dan verseker dat die HERE julle God nie langer hierdie nasies voor julle uit sal verdrywe nie; maar hulle sal vir julle 'n vangnet en 'n strik wees en 'n angel in julle sye en dorings in julle oë, totdat julle omkom uit hierdie goeie land wat die HERE julle God aan julle gegee het.”

Josua 23:12-13
